DIE GEREFORMEERDE

Vroueblad

MEI 2018

HEMELVAART

Opgestaan en opgevaar

Ter herinnering aan Mariana Venter

PRYSE (per tydskrif):
SELF-AFHAAL: R 17-82
GROEPE (POS): R 26-00
INDIVIDU (POS): R 28-00
ELEKTRONIES: R10-37

www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Inhoud

Mei 2018

Gereeld

3 Redakteursbrief
4 Lidmaatpraat
5 Sodat my huis kan vol word

In-diepte

6 Christus het waarlik opgestaan en opgevaar
8 "Ek sal opstaan..."
10 Staan op!

Leefdinge

12 Óp na bo
14 Teks & Vers: Hemelvaart
15 Teks & Vers: Dagboek
16 Boekeblad: *Hoe het die Bybel ontstaan?*
19 Boekeblad: Prediker, 'n Bybelstudie.
20 Bybelse berading: Dr. Trudie
22 Gemeente-Mosaïek: Mariana Venter
24 Gemeente-Mosaïek: Bybelse Gemeentekuiers
26 Gemeente-Mosaïek: Gemeente-kuier GK Walvisbaai
28 Resepteblad: Melkkos oftewel *Slinger-om-die-smoel*
29 Lees in Junie 2018
29 Gemeentedagboek
29 Intekenvorm
30 Hartskatte
31 Die mens, geskape verhoudingswese: Jou vyande
32 Kaleidoskoop Mei 2018

REDAKSIEKOMMISSIE:

REDAKTEUR Cobie Steyn
ASSISTENTREDAKTEUR Vakant
GRAFIESE ONTWERP EN UITLEG Karien Brink
SEKRETARESSE Marlette van Rooyen
WEBREDAKTEUR Grietjie Prinsloo
ADDISIONELE LEDE Ds. Johan Botha & Annamie Odendaal

Posadres:
Die Redakteur: Die Vroueblad, Posbus 178, Lydenburg 1120, Faks: Die Vroueblad 086 714 6157
E-pos adres: Cobie Steyn, cobiesteyn@live.com
Internetadres: www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Navrae: Rekenings, adresveranderings, intekening, bladbouers:
Me. Angie Mokobi: Tel (018) 297 3986, tydskrifte@gksa.co.za

Eienaars en uitgewers: Deputate Kerklike Tydskrifte GKSA

Intekengeld:
• VROUEBLAD (SELF AFHAAL BY ADMIN BURO, POSGELD UITGESLUIT): R196 per jaar
• ELEKTRONIESE INTEKENING: R114 per jaar
• VROUEBLAD (IN GROEP NA DIE GEMEENTE, POSGELD INGESLUIT): R247 per jaar
• VROUEBLAD (WORD GESTUUR, POSGELD INGESLUIT): R308 per jaar
HIERDIE TARIEWE GELD VANAF 1 JULIE 2017 TOT 30 JUNIE 2018.
(Intekening word as voortgesit beskou solank dit nie gekanselleer word nie.)

Drukkers: V&R Drukkers, Tel 012 333 2462, ISSN 0378 407 X



Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg van plasing asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA

Ander Publikasies van die Gksa:
• Die Kerkblad
• Die Slingervel (Laerskool-kinders)
• Die Kruispad (tieners en jongmense)

Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.

WIL JY GESELS OOR IETS?

SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)
E-pos: cobiesteyn@live.com
Facebookblad: Gereformeerde Vroueblad
Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe soos inskrywings of kansellasies bedoel nie – skakel die Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297 3986)

Besoek ons *Facebook*blad en deel jou gedagtes oor wat ons elke Sondag in die erediens bely: "...wat op die derde dag *opgestaan* het uit die dood; *opgevaar* het na die hemel..." (Apostoliese Geloofsbelydenis).

JAARGANG 72 NOMMER 11

OPSTAAN

brief van die redakteur

VROUEBLAD

OPSTAAN

"Want soos die redelike siel en die vlees een mens is, so is God en mens een Christus, wat ter wille van ons saligheid gely het, begrawe is en neergedaal het na die hel; op die derde dag uit die dood ***opgestaan*** het, na die hemel ***opgevaar*** het en aan die regterhand van God, die almagtige Vader sit" (Die Geloofsbelydenis van Atanasius, artikels 37-39).

Susters in die Here,

Dit raak nou tyd om te sorg dat die kaggelhout opgestapel is. Ons trek die bredie- en melkkosresepte nader en was die stof uit die truie en jasse. Die oggende begin ook al goed knyp en jy talm soggens nog 'n minuut of wat nadat die wekker gelui het, voordat jy jou tone onder die komberse uitsteek en opstaan. Juis in hierdie tyd – in Meimaand – dink ons aan 'n ánder opstaan – die Opstanding van Jesus Christus uit die dood en die feit dat Hy ook veertig dae later opgevaar het hemel toe.

Ons tema vir Meimaand trek juis by die "O" in vrOueblad! Ons staan in verwondering saam met Prof. Amie van Wyk stil by die ***feit*** dat Jesus Christus waarlik Opgestaan en Opgevaar het; ons juig dat ons, soos die verlore seun van Lukas 15 weer uit ons sonde en ellende kan Opstaan en deur die werking en die krag van die Heilige Gees verseker die Here ons ook dat ons kan Opstaan uit moedeloosheid en swaarkrytye.

Die hartseer boodskap wat Die Administratiewe Buro vroeg in Maart afgestuur het dat Mariana Venter oorlede is, het my persoonlik tot stilstand geruk. As jong, nuwe skrywertjie het ek destyds onder haar leiding vir die blad begin skryf en deur haar sagte, maar besliste leiding, het ek so baie geleer. Ons redaksie (en al ons lesers!) is jammer om te hoor van haar afsterwe en ons bid vir haar eggenoot, Prof. Cassie, vir Gerrit en Hanli (skoonseun en dogter) en Lisa-Mari (kleindogter) die krag en die troos van die Heilige Gees toe in hierdie hartseer tyd. Is dit nie opvallend dat ons nou juis in die uitgawe wat oor die opstanding van Jesus Christus gaan, ook vir ons lesers meer vertel van die méns Mariana nie, want ek weet sy het onwrikbaar geglo – ook in die opstanding van Jesus Christus en die ewige lewe.

Liefdegroete in Christus – ons opgestane Here!

Cobie Steyn

Ons is op *Facebook*: Gereformeerde Vroueblad. Gaan *Like* ons!

Christus het waarlik opgestaan en opgevaar

DEUR PROF. AMIE VAN WYK (PRETORIA)

Ek haal 'n boek van my boekrak af en lees daarin wat 'n bekwame teoloog oor die opstanding skryf: "Dit is vir seker die geval dat daar – ook in volledig historiese sin – geen evangelie, geen enkele boodskap, geen brief in die Nuwe Testament, geen geloof, geen kerk en erediens, geen gebed in die Christendom tot nou sou gewees het nie sonder die boodskap van die opstanding van Christus."

Ek haal 'n tweede boek van die rak, ook van 'n invloedryke teoloog, en lees die volgende: "Die opstanding van Christus vorm deel van die mitologiese wêreldbeeld. Dit is onmoontlik om elektriese lig en die radio te gebruik en terselfdertyd in die wêreld van die Nuwe Testament met sy geeste en wonders te glo. Die kruis is 'n historiese gebeurtenis, maar nie die opstanding nie. Die opstanding het nie plaasgevind in die tuin van Josef nie maar in die subjektiewe ervaring van die dissipels."

Die graf is leeg

Ek laat vir 'n oomblik die uitsprake van teoloë na en trek my Bybel nader. Waar sal ek begin? By oor- en ooggetuies natuurlik, mense wat gesien en gehoor het, dus die dissipels van Jesus. Die eerste is Matteus (alhoewel die Markus-evangelie ouer is). Hy vertel dat Jesus eerste aan vroue verskyn het en later aan sy elf dissipels in Galilea. Die tweede dissipel is Johannes. Hy vertel hoe hy en Petrus die graf leeg gevind het. Daarna vertel hy hoe Jesus aan Maria Magdalena en die ander dissipels verskyn het en hoedat die verskyning aan die ongelowige Tomas en sy belydenis 'n hoogtepunt vorm. Daarna het Jesus aan sy dissipels by die see van Tiberias verskyn.

Wat van Markus, wat nie 'n dissipel was nie? Skrifverklaarders is redelik eenstemmig dat Markus eintlik maar die preke van Petrus opgeteken het. Markus getuig hoedat 'n engel aan vroue vertel het dat Jesus opgewek is en (in sy tweede slot) dat Jesus aan Maria Magdalena en later aan die elf verskyn het. In sy eerste brief skryf Petrus selfs dat die Vader ons die nuwe lewe geskenk het deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood (1 Pet. 1:3).

Wat sou Lukas, die (Griekse) mediese dokter sê? Hy vertel breedvoerig van Jesus se ontmoeting met die Emmausgangers en hoe Jesus aan sy dissipels verskyn het.

Selfs Paulus, die dertiende apostel, vertel dat hy die lewende Christus ontmoet het (1 Kor. 9:1; 15:8).

Hierna maak ek die boek Handelinge oop en lees daarin dat 'n nuwe apostel in die plek van Judas Iskariot gekies moet word wat "'n getuie van Jesus se opstanding" sou wees (Hand. 1:21) – Mattias word gekies. Ek lees verder in hierdie boek en tot my verbasing ontdek ek dat in die eerste negentien hoofstukke eintlik nêrens na die kruis as heilsgebeurtenis verwys word nie. Die groot boodskap, die eerste sendingpreke, word beheers deur die tema: die Here het waarlik opgestaan, Hy is waarlik deur die Vader uit die dood opgewek. Later sou Paulus skryf: "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word" (Rom. 10:9). Ons vind dieselfde in 2 Tim. 2:8.

Ons weet daar is deur die priester- en familiehoofde planne beraam om die soldate om te koop om te sê dat die liggaam van Christus gesteel is. Maar toe die apostels die boodskap van die opstanding begin verkondig het, het geen soldaat 'n liggaam na vore gebring nie. Die apostels self het ook nie die liggaam verduister nie, want sou hulle hulle lewe op die spel geplaas het vir 'n eie leuen? Nee, daar is net een antwoord: "Die Here het waarlik opgestaan!

In die tweede deel van Handelinge, en in sy briewe, kon Paulus ook die besondere betekenis van die kruis beklemtoon (1 Kor. 2:2), sodat ons kan sê dat die volle evangelie deur twee woorde uitgedruk word: kruis en opstanding, oorwinning oor sonde en dood.

'n Wolk het Hom weggeneem

Lukas vertel dat Christus vir veertig dae na sy opstanding met sy dissipels verkeer het en met hulle oor sy lewenslange boodskap, die koninkryk van God, gepraat het. Nadat Hy opdrag gegee het om die evangelie wêreldwyd te verkondig, is Hy in 'n wolk van hulle weggeneem – waarna die uitstorting van die Heilige Gees tydens die Pinksterfees sou volg.

Ek het baiemaal gewonder oor die woorde " 'n wolk het Hom weggeneem". Beteken dit iets?

Kyk ons na die Ou Testament, word daar aan wolke dikwels 'n besondere betekenis geheg. Wolke vertel ons iets van die skeppende mag van God, van sy liefdevolle versorging as Hy op aarde laat reën, maar hulle het dikwels ook 'n simboliese betekenis.

Die wolkkolom wat voor die volk Israel uit beweeg het in die woestyn, vertel ons iets van die leiding en bewaring van God. Die wolk in die tabernakel is beeld van sy teenwoordigheid onder sy volk.

Die enigste hemelvaartverhaal in die Ou Testament, dié van die profeet Elia, wat in 'n "storm" opgeneem is, herinner in vele opsigte aan dié van Christus (2 Kon. 2:1). Dis opvallend dat hulle mekaar in die Nuwe Testament ontmoet.

In die Nuwe Testament is daar ook tydens groot gebeurtenisse in die lewe van Christus sprake van wolke.

As Moses en Elia saam met Christus op die Berg van Verheerliking verskyn, word hulle deur 'n wolk bedek as teken van die Here God se magtige teenwoordigheid (Matt. 17:5).

En nou met sy hemelvaart is sy koninklike koets niks anders nie as 'n wolkewa: " 'n wolk het Hom weggeneem" (Hand. 1:9). Christus het die laaste vyand van die mens op aarde, die dood, oorwin en Hy vaar nou triomfantlik omhoog om eendag weer, baie onverwags, op die wolke terug te keer (Op. 1:7). Die laaste oordeel word selfs voltrek deur die Menseseun wat op 'n wit wolk sit (Op. 14:14).

Opstanding en hemelvaart vertel die heerlike boodskap: Christus is nou in beheer en sal alles tot voleinding bring en daarna sal God die Vader oorneem en alles vir almal wees (1 Kor. 15:28). Dis die Groot Toekoms waarna ons almal verlang. V

LIDMAATPRAAT

Susan Labuschagne: Ek jubel en juig oor die oop graf as bevestiging van ons Here en Verlosser wat die dood oorwin het en die ewige lewe 'n werklikheid gemaak het. Omdat Hy opgevaar het, het ons die versekering van ons plek in die Vaderhuis, wanneer ons ons tentwoning hier op aarde verlaat.



Mariana Venter

(*5 Februarie 1942; †5 Maart 2018)

Skerwe hemel (sal) daglank blou oor ons bly hang...

DEUR COBIE STEYN

Sy was eggenote, ma en ouma, beroepsvrou, predikantsvrou en ook vir 'n tyd lank redakteur van *Die Gereformeerde Vroueblad* (1999-2003). Op 5 Maart 2018 het Mariana tuisgekom in die Vaderhuis met sy baie wonings.

Mariana Venter is as nooi Viljoen gebore op Ficksburg in die Oos-Vrystaat. Daar het sy ook grootgeword. Haar ouers het 'n groot rol in haar lewe gespeel: van haar pa het sy geleer om versigtig te werk met die geld tot jou beskikking en van haar ma het sy haar liefde vir boeke, lees en letters gekry toe daar sommer vroeg in haar lewe vir haar op *Die Jongspan* ingeteken is. Haar ma se liefde vir plante en verwondering oor die skepping het ook op Mariana 'n diep indruk gemaak en haar geleer om bewustelik na dié dinge om haar te kyk.

Sy is op 2 April 1965 getroud met Cassie Venter en hulle is geseën met twee kinders: Cassie en Hanli. Cassie en Mariana is in 2000 beproef toe hulle seun, Cassie, verongeluk het.

Cassie en Mariana was in Cassie se bedieningstyd in die volgende gemeentes werksaam: Laeveld (1965-1968); Koster (1968-1972); Meyerspark (1972-1981); Stellenbosch (1981-1985). Sedert 1985 tot en met sy emeritaat in 2005 was Cassie professor aan die Teologiese Skool Potchefstroom. In die tyd wat Cassie professor was aan die TSP het my en Abel se paaie met hulle s'n gekruis en so het ons Mariana ook van naderby leer ken as 'n diep gelowige en 'n omgeemens.

In Potchefstroom het ek onder die indruk gekom van hierdie vrou se wonderlike gawe om met taal te werk. Mariana was artikelredakteur en teksversorger by die Buro vir Wetenskaplike tydskrifte aan die destydse PU vir CHO, vandag Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Sy het die taal- en teksversorging van navorsingsartikels gedoen en was verantwoordelik vir die voorbereidende publikasieproses van drie vaktydskrifte: *Literator, In die Skriflig* en *Koers* en een populêr-wetenskaplike tydskrif *Woord en Daad*.

Sedert haar kinderdae het *Die Gereformeerde Vroueblad* 'n spesiale plek in haar hart gehad. In 'n onderhoud wat Sandra du Preez met haar gehad oor haar redakteurskap van ons blad het sy die volgende gesê: "Die feit dat my ma al die jare 'n lojale Vroueblad-leser was, het my entoesiasme vir die redakteurskap van *Die Vroueblad* aangewakker" (*Die Gereformeerde Vroueblad*, September 2010, p. 20). Mariana was dan ook 'n dogter van standerd 8 (deesdae graad 10) toe haar eerste artikel in die blad gepubliseer is – en heelwat later, in 1999 het sy dan ook die redakteur van die blad geword. 'n Werk wat sy tot en met 2003 met groot toewyding en entoesiasme gedoen het.

Dit was onder Mariana se geduldige en liefdevolle leiding dat ek meer gereeld artikels vir *Die Vroueblad* geskryf het. Abel was toe predikant in Sabie (Die GK Wondersig). Mariana het geskakel wanneer sy 'n tekort aan artikels gehad het, en dan was haar woorde nadat sy beleefd gegroet en gevra het na almal se welstand: "Dis alweer droogte hierdie kant!". Ek het somtyds skuldig gevoel wanneer ek lanklaas geskryf het, en nog voordat sy kon vra, het ek opgemerk: "Is dit my gewete aan daardie kant?"

Met groot geduld en liefde, maar met 'n beslistheid en presiesheid oor taal en die versorging van teks, is 'n mens begelei om te skryf.

Na Cassie se aftrede in 2005 aan die TSP, het hy en Mariana verhuis na Eversdal-Kaapstad waar hulle naby hulle dogter, Hanli, gaan bly het. Hanli is getroud met Gerrit van Schalkwyk. Hulle het een kleinkind, Lisa-Mari, wat vir Mariana baie na aan die hart gelê het.

Cassie en Mariana se diensbaarheid in die koninkryk het net voortgegaan. Sedert 2007 tot 2014 was Cassie huldienspredikant van Die Gereformeerde Kerk Agulhas, wat veroorsaak het dat hulle dikwels tussen Kaapstad en Struisbaai gependel het. Mariana kon goed so maklik in woorde boetseer: so het sy haarself toe 'n "pendelpredikantsvrou" begin noem. Vandaar het sy eendag in 'n e-pos vir my 'n winter-Struisbaai geskilder: "Dit is koud, die lug is bleekblou en die wind klits die branders dat dit soos opgeklitste eierwitte lyk".

Die pendelpredikantsvrou het haar toe steeds besig gehou met haar passie: taal. Sy het gedurende hierdie tyd vryskuttaalversorging gedoen. Sy het ook opgetree as intravertaler vir 'n paar Bybelboeke vir die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (Die Direkte Vertaling) wat deur die Bybelgenootskap geloods is.

Ja, sy kon dinge raak beskryf. Haar skerp sin vir humor het ook in haar taal geblyk. Toe sy eendag e-pos aan my moes deurstuur en vergeet om beloofde lêers aan te haak, skryf sy later weer terug: "Nou ja, jy weet mos as die rekenaar 'n fout maak, is dit nie die rekenaar nie, maar die bobbejaan wat die slinger draai!"

Sy kon uit die diepte van haar geloofshart mense om haar bemoedig. Toe ek eendag raad gevra het oor 'n Vroueblad saak, was haar wyse woorde: "Solank 'n mens onthou dat jy met die gebrokenheid van die huidige moet saamleef, kan jy bly meewerk aan dit wat blywend is in die wete dat ons werk in die koninkryk nooit tevergeefs is nie".

'n Enkele sin, geskryf deur haar eie hand, wat ook haar lewe opsom. Mariana was 'n fyn, goed versorgde vrou, wel ter tale, 'n mens geseën met vele talente, wat altyd rekening gehou het met haar eie gebrokenheid en met die gebrokenheid van "die huidige". Sy het dwarsdeur haar lewe in nederige erkentlikheid teenoor haar Skepper, bly meewerk aan wat blywend is met die seker wete dat sy deel het aan die ewige koninkryk van ons Koning, Jesus Christus. V